Doppertjie

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Strand

No. 30/2019 01 September

Oggend

Sing:

- Lied 464:1,3
- Psalm 89:1,6 (1936)

Votum

Seën

Lofsang: Lied 334:1-4 ; Psalm 149:1,2 (1936)

Geloofsbelydenis: Art 37, NGB

Sing: SB 18-6:1,3,5

God se wil: Gal 5:13-25

Gebed

Kleuterbediening

Skriflesing & prediking

Teks: Efesiërs 6:10-18

Fokus: Efesiërs 6:17a

Gebed

Offergawes

Bevestiging van ouderlinge en diakens

- Formulier
- Sing: Lied 304:1-3
- Gebed

Sing: SB 18-7:1,3,11,12

Wegstuurseën

Aand

Vooraf

- Ps 105:1,2 (1936)
- Lied 456:1,3

Diens

Votum

Seën

Loflied: Ps 18:1, 14 (1936)

Gebed

Skriflesing & prediking

Teks: Psalm 8

Fokus: Psalm 8:5

Gebed

Sing: Psalm 8:1,3,4 (1936)

Psalm 8:1,3,5 (2001)

Wegstuurseën

KERKINLIGTING

Predikant	Dinant Zwemstra	dinant@gkstrand.co.za	083 601 8986/021 853 0598
Kantoor	Hannelie Mostert	admin@gkstrand.co.za	021 854 4584
Kantoorure	Maandag-Donderdag	08:00 – 13:00	
Webwerf	Kobus Buys/Chris Joubert	www.gkstrand.co.za	Wagwoord:GKStrand
Facebook	www.facebook.com/groups/strandgk	**Eredienste op Internet:**	
Eredienstye	09:00 (oggend-somer) 18:30 (aand) 09:30 (oggend-winter) 18:30 (aand)	http://kerkdienstgemist.nl	
Skriba	Retha Oostenbrink	admin@gkstrand.co.za	079 884 0908
Redakteur	Thys Ebersohn	doppertjie@gkstrand.co.za	081 784 1904
Diakonie	Herman Geyer	diakonie@gkstrand.co.za	074 279 1011

KERKRAAD AAN DIENS

Vandag	08 September
Ouderlinge	**Ouderlinge**
Mossie Mostert, Francois van Zyl	Jacob Oostenbrink, Pierre Human
Diakens	**Diakens**
Lisbé Wever, Petro Kruger, Aletta J van Vuuren, Elbé van der Merwe	

VERWELKOMING

VANDAG:
Ferdi & Marlida Wantenaar

08 September
Sarah Badenhorst, Louis van der Vyver

DAGBOEK

WOENSDAG, 04 SEPTEMBER

09:00 Bybelstudie

DONDERDAG, 05 SEPTEMBER

09:00 Bybelstudie

OFFERGAWES

Vandag
Binne: Barmhartigheidsdiens
Deure: Emeritaatsversorging

08 September
Binne: Sending & Evangelisasie
Deure: Teologiese Studentekas

Snap here to pay
SnapScan

KOFFIE EN TEE

VANDAG:
Thinus & Ina Fourie, Leander Fourie, Marcel Fourie

08 September
Cornel Fourie, Ian Mostert, Mauritz Swart, Willem Grönum, Natasha Styger

Sien instruksies vir koffiefles IN KOMBUIS VOOR DIENS

PREEKSKETS: OGGEND

Helm van verlossing

Teks: Efesiërs 6:10-18

Fokus: Efesiërs 6:17a

Wat beteken dit om die helm van verlossing op te sit? Hoe is ons gehoorsaam daaraan?

Die kernwoord hier is verlossing. Wat interessant is, is dat dieselfde gesê word van God. Ons het die geregtigheid as borsharnas en verlossing as helm. Hoor wat sê Jes 59:17 – *"Hy (God) trek geregtigheid aan soos 'n pantser en redding is die helm op Sy kop..."* Dis dieselfde as Ef. 6, behalwe dit is dan nou ons wat die wapenrusting aantrek, maar ons sê nog die heeltyd vir mekaar dat ons moet onthou dit is God se wapenrusting. Die konteks van Jesaja 59 is die Here wat Sy volk verlos, met die helm van verlossing (redding), en nou gee Hy dit vir ons.

Deel van die Christelike karakter, deel van ons identiteit, van ons Christelike lewe, is dat ons verlos is. Die woord self in Grieks beteken gewoon om gered te word van gevaar. Om weggevat te word vanuit 'n situasie wat jou lewe kan kos. Dit is wyd, dit verwys dus na alles wat God doen. 'n Baie breë betekenis.

In die Bybel leer ons dat verlossing 'n verlede tyd het, 'n hede het, en 'n toekoms het. In 'n sekere sin was ons verlos, is ons verlos, en in 'n sekere sin is ons nog nie verlos nie, ons sal nog verlos word.

Kom ons kyk...

PREEKSKETS: AAND

Psalm 8 op Lentedag

Teks: Psalm 8

Fokus: Psalm 8:5

Daar is al baie gesê en geskryf oor die mens. Dis tog logies dat mense baie belangstel in hulself! Wat is ek? Wie is ek as mens?

Elkeen wonder van tyd tot tyd oor sy menswees. Hoe die mens homself en ander sien is baie belangrik. Jou selfbeeld en jou beeld van ander bepaal jou totale bestaan.

Wie nie duidelikheid hieroor het nie, kan dalk voel dat sy bestaan nutteloos is. Dat hy eintlik maar net iets van 'n suurstofdief is sonder taak en sonder plek in die grote skepping van God.

Daar is in breë die twee uiterstes wanneer daar oor die mens gedink word. Die een groep leer dat die mens net goed is. Sy vermoëns het geen einde nie. Hy besit alle mag en heerskappy en kan daarom doen wat hy wil. Die ganse skepping is vir hom daar om te geniet en gebruik en hy kan daarmee maak wat hy wil.

Die ander uiterste is die wat leer dat die mens sleg is. Hy kan niks goed doen nie en daar is ook vir hom geen hoop en uitkoms nie. Die mens is die een wat die oorsaak is van alles wat verkeerd is. Die mens is minderwaardig en in verhouding tot die natuur ondergeskik. Sy belange is minder as die van die natuur waarin hy leef.

Ook op persoonlike vlak vind beide sieninge uiting. Jy kry mense wat verwaand met 'n neus in die lug rondloop en op alles en almal trap. Hy is die grootste en die beste.

Dan kry 'n mens aan die anderkant die een wat met sy neus in die stof rondloop en verskoning vra dat hy bestaan en altyd in die pad is. Dit sou tog beter gewees het as hy liewer nie daar was nie.
Die Woord van God gee antwoorde op hierdie uiters noodsaaklike vraag. In Psalm 8 spreek Dawid die saak van menswees aan. Wat is die mens? Wat is sy plek in die skepping? Wat is sy taak?

VERJAARSDAE

Sondag, 01 September
Andries Pieterse
082 458 2950

Maandag, 02 September
Michael Roberts
082 301 3599

Ons wens almal die seën van die Here toe op die nuwe lewensjaar. Veels geluk!

DROOGTEHULP

Baie dankie vir almal se oop harte en hande. 'n Mooi bedrag van R12 488.66 is bygedra en sal oorbetaal word na Gereformeerde Kerk Olifantshoek/Katu se diakonie-fonds.

KLEUTERKERK

Ons gesels hierdie week oor Samuel, wat as klein seuntjie in die tempel gaan bly het en van 'n baie jong ouderdom deur God as profeet gebruik is. God kan jou ook gebruik in Sy koninkryk hier op aarde; al is jy nog baie klein. Kom gesels saam met ons hieroor.

Groete,

Die Kinderkerk Tannies

WOONSTEL TE HUUR

Ruim 2-slaapkamer woonstel te huur in Gordonsbaai vanaf 1 Oktober.

R8500-00 per maand sluit water, elektrisiteit en wifi in.

Kontak Hannelie (0728572328)

BEVESTIGING VAN OUDERLINGE & DIAKENS

Die volgende lidmate word vanoggend bevestig as ouderlinge en diakens:

Ouderlinge:

Thys Ebersohn, Johan Jansen van Ryssen.

Diakens:

Ian Strauss, Corné Els

AANDAG DAMES!

Dames van die gemeente!

Volgende Saterdag 7 September, het ons gemeente die koek/brood tafel by NG Kerk Suiderstrand se feesmark.

Ons wil graag van die geleentheid gebruik maak om fondse in te samel vir die verskeie aksies in ons kerk.

Ons benodig die volgende skenkings vir ons tafel:

- Brode
- Groot koeke
- Terte bv. melktert, appeltert ens.
- Beskuit
- Koekies
- Skuimpies
- Kolwyntjies
- Enigiets anders waaraan jy kan dink wat lekker sal verkoop

Indien jy iets wil skenk, of indien jy graag wil help om die tafel te beman op die dag, kontak asseblief vir Tanya Zwemstra (084 701 6538).

Indien jy nie iets kan skenk nie, kom ondersteun ons asseblief op die dag, dan ondersteun ons so ook ons mede-gelowiges.

KLASSIS BOLAND SITTING

Ons gemeente is vanjaar gasheer vir die Klassis Boland sitting.

Ons benodig slaapplek vir 4 ouderlinge wat die Klassis sal bywoon op 16 en 17 September.

Dit behels dan moontlik die volgende:

Slaapplek vir 2 nagte asook:

Aandete: 16 September

Ontbyt: 17 September

Die ideaal is dat twee persone gesamentlik geplaas word.

Kontak asseblief die kerkkantoor as jy hiermee kan help.

BOLANDKAMP : 6-10 DESEMBER

Die Boland seekamp…elke jaar, op (min of meer) dieselfde tyd en soms op dieselfde plek. Hierdie jaar is dit weer by Disakloof naby Bettysbaai. Ons tema hierdie jaar is:

Wat is jou storie?

Nee regtig, wat is jou storie?

Jou storie is God se storie met jou!

Kom kamp saam, leer saam, bid saam – daar is 'n hele paar skitterende dinge wat voorlê – vriende, lofprysing, natuur, sand, see, golwe, ongelooflike lekker kos, bidbuddies, "fun and games" en so kan ons aangaan.

Wie: Alle Graad 8-12's

Wanneer en hoe laat? : 6-10 Desember. Ons begin 14:00 op 6 Desember en maak klaar om 12:00 op 10 Desember.

Waar: Disakloof – Bettysbaai

Kyk gerus op http://www.gkjeug.co.za/boland-c-kamp-2/ vir meer inligting en om aanlyn in te skryf.

ONDERSTEUN ONS LIDMATE!

Gekwalifiseerde versorger beskikbaar Maandae tot Vrydae 08:00 - 16:00 Sandra 079 885 4623

❖❖❖❖❖❖❖❖❖❖❖

Ek maak gordyne, romeinse blindings en kwilts. Skakel Antonia Cloete by 073 006 0640

❖❖❖❖❖❖❖❖❖❖❖

Grafiese ontwerper doen logos, brosjures, besigheids- en produk-indentiteit en nog meer. Skakel Ian by 084 720 9528

❖❖❖❖❖❖❖❖❖❖❖

Kiaat, Rooshout en Zimbabwiese Teak vir meubels asook vloerplanke. Kontak Thys 081 784 1904

❖❖❖❖❖❖❖❖❖❖❖

Avroy Shlain Skoonheidsprodukte Sanet Grönum 082 381 8854

❖❖❖❖❖❖❖❖❖❖❖

Ek verskaf, en is 'n invoerder van mediese toerusting en gebruiksitems. Kontak Erica Versteegh by 021 856 3714 of erica@erimed.co.za

Vir Aluminiumgeute en afvoerpype skakel vir Hugh of Hermie Michler 083 300 8999

❖❖❖❖❖❖❖❖❖❖❖

Kontak Miriam Barnard vir natuurlike gesondheids-produkte, Sportron Ascendis en handgemaakte produkte bv. tafelmatjies, inkopiesakke ens. 083 744 6886

❖❖❖❖❖❖❖❖❖❖❖

Vir beter kennis oor grondgeskiktheid en doeltreffende besproeiing in jou tuin, kontak gerus vir Giel Streuderst MSc. (Agric.) by 082 388 0064.

❖❖❖❖❖❖❖❖❖❖❖

Kom leer om jou eie Tiffany lampe te maak asook vensters en deure! Kontak Jetty Salomons op 082 320 6577 of 021 856 0736.

❖❖❖❖❖❖❖❖❖❖❖

Stringligte te huur, skakel Karen 0827676833

Kontak gerus vir Hermie as jy 'n ou teddiebeer wil laat regdokter 083 300 8999

❖❖❖❖❖❖❖❖❖❖❖

Oppas van huis en diere. Doen dagbesoeke of inslaapdiens. Johanna en Anton 082 482 6777 / 0218533745

****

Vir alle verfwerk in en om die huis, skakel Jan van der Waals 072 424 4653

****

Vir enige elektriese herstelwerk of installasies, kontak Mossie Mostert 072 910 8244

❖❖❖❖❖❖❖❖❖❖❖

Kontak Gerrit Earle vir enige staal- en sweiswerk en die oprig van Wendy-huise. Hy kan ook klein vragte vervoer. Kontak Gerrit by 073 654 4345

❖❖❖❖❖❖❖❖❖❖❖

Vermy enkelgebruik plastiek items. Kontak my vir Eko-vriendelike produkte: Herbruikbare Katoen Groentesakkies en Inkopiesakke, asook Bamboes Tandeborsels en Bamboes Strooitjies ens. Karen Versteegh 0827676833 of besoek https://hug-tree.co.za/